

21 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 13:1-9
Fokusgedeelte: Lukas 13:7,8

God gee steeds genadetyd

Elke dag beleef mens die genade van God ... ook vandag! Mens beleef egter ook daaglik die toorn van God, want Hy vertoorn Hom oor die sonde van die mens, maar betoon nog steeds genade. En God se genade vra van ons bekering! Ons moet in sondebeseef leef, pleitend om versoening en vergewing en heengaan nie weer sondig nie. Dit is wat Christus hier in Lukas 13 van ons vra.

Om dit te illustreer vertel Hy 'n kort gelykenis van 'n boer wat vrugte aan sy vyeboom gaan soek het. Vir drie jaar dra die boom niks! Daarom sy opdrag: "Kap hom uit!" Só soek God by ons ook "vrugte van bekering". Elke dag lees ons die Bybel, Sondae hoor ons die evangelie in die erediens, en dan is die vraag: Groei ons in die geloof? Dra ons elke dag meer en meer vrugte van dankbaarheid? "Die byl lê klaar teen die wortel..." sê Matteus in hoofstuk 3:10. As die Here dan die boom wil uitkap, pleit die tuinier (as beeld van Jesus Christus): "Laat hom nog hierdie jaar staan". In Christus gee God dan nóg genadetyd. Vandag is 'n genadedag. Vandag soek God "vrugte" in jou en my lewe ... maar vandag gee God steeds tyd vir bekering en goeie werke. Gaan soek sy aangesig in opregte bekering. Dit is al baie laat op God se horlosie, maar Goddank – dis nog nie te laat nie!

Sing: Psalm 65:8

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)